CHASA Box 1614 Uitenhage 6230

CHASA vir ’n Blou Aarde

Minder as 1m² per passasier laat jou bietjie voel soos ‘n wilde dier in ‘n hok in Atlanta se dieretuin. Die Airbus A340 na Atlanta se beknoptheid is berug. Daarom seker dat passasiers ‘n invlug tydskrif kry vir ontsnapping na Afrika se ‘ongerepte’ natuur. Waar voorspelbare artikels jou van die een luukse safari lodge na die ander neem.

Hier, in die midde van luuksheid, geld vreemde prioriteite vir die ‘jet setters’. Die jaquzzi is belangriker as die watergat. Die etes is belangriker as die habitat. Die Groot Vyf belangriker as die bos. En hierdie benadering word deurgedra na hul prioriteite vir bewaring. Die Groot Vyf en spesies met troetelwaarde is belangriker as ander. Hulle verdien blykbaar spesiale beskerming - ten koste van mens en (ander) dier. Hierdie selektiewe, onwetenskaplike en emosionele benadering het nou die kenmerk geword van wat algemeen as ‘**groen**’ bekend staan. Waar ‘n verbetering op een geïsoleerde gebied, ongelukkig skade op twee ander tot gevolg het. ‘n Geval van “can’t see the forest for the trees”. ‘Groen’ het te naby aan die bome beweeg.

> Groen het ‘n bedreiging vir bewaring geword.

Suksesvolle langtermyn bewaring verg ‘n holistiese benadering. Van vêr af; by wyse van spreke. Die oog op ons hele blou planeet Terra Sol 3. Die ‘**blou**’ benadering, soos Pierre van der Walt dit eerste genoem het, erken dat bewaring hoofsaaklik bestaan uit die daarstel van habitat om dier en mens te onderhou. Die mensdom vertrou elke dag op benutting van die natuur om voortgesette lewe moontlik te maak. Die uitdaging is om hierdie benutting volhoubaar in te rig. Veral in die lig van ‘n toenemende golf van groei in mensegetalle. Die fokus moet wees op die daarstel van **balans** tussen mens, dier, plant en grond. Hiervoor kan net ‘n holistiese en wetenskaplike benadering werk – ‘n blou een.

Die wetenskaplike bewaringswêreld weet dat dít die oplossing is. Maar word gerem deur die ondersteuning wat ‘groen’ oortuigings nog by dele van die publiek geniet. Wat nodig is, is ‘n paradigma-skuif in die denke van die gemeenskap. Van ‘groen’ na ‘blou’. Anders is die langtermyn proposisie ‘n swart een. En wat dan vir ons nageslag sal oorbly is net die diere in die Atlanta dieretuin - en die wild op die blaaie van ou invlugtydskrifte.

Groete

Ludolph Swanevelder
Nasionale Voorsitter: **CHASA**